

arbeid in sy poging om die natuur te bewerk en te beheers. Hierdie resultaat van sy skeppende aktiwiteit is egter nie toevallig nie want die mens behandel die materiaal wat hy ter hande kom as voorwerp te skep nie na willekeur nie. Die materiaal moet op 'n bepaalde wyse gevorm word omdat hy daarmee 'n bepaalde funksie wil vervul.

## HOOFSTUK I

### DIE ONTSTAAN EN VERSPREIDING VAN OPELUGMUSEA

### TEEN DIE AGTERGROND VAN DIE ONTWIKKELINGSGESKIEDENIS

#### VAN DIE MUSEUM

A Versameling deur die eeue

i Inleiding

Die Romeinse digter, Horatius, het in 18 v C in 'n brief aan Julius Florus dié eenvoudige dog droewige lewensfeit aangestip: "Singula de nobis anni praedantur euntes."<sup>1</sup> En byna twintig eeue later sou die groot kultuurhistorikus, J Huizinga, postuleer: "Men wil het verleden kennen."<sup>2</sup> Tussen hierdie twee uitsprake ontstaan 'n geweldige spanning: die jare wat die mens langsaam van alle dinge berowe, en die mens wat die verlede wil ken en daarom 'n rekonstruksie wil maak van die leefwêreld en die aktiwiteit van mense soos hulle eenmaal werklik geleef het. Aangesien die historiese werklikheid egter uniek en eenmalig is, is die mens wat die verlede wil ken, aangewys op dit wat oorgebly het: mondelinge oorleweringe, legendes en mites, tradisies en heldeverhale, dokumente en voorwerpe wat as oorblyfsels behoue gebly het.<sup>3</sup> En dit alles lewer getuienis van dié dinge waarvan die jare in hul gang die mens langsaam beroof het.

Een van die primêre take van die museum is om hierdie verruklike epog van die mens en sy totale leefwêreld te laat afspeel voor die oë van diegene wat in die verlede belangstel. In dié opsig verkeer die museum in 'n unieke situasie<sup>4</sup> om deur middel van voorwerpe en oorblyfsels van beskawings uit eeue-oue versamelings wat deur die jare heen tot stand gekom het, hierdie verlede-werklikheid te verbeeld en sinvol aan te toon hoe die mens sy moontlikhede verwesenlik het en hoe hy gestalte aan sy lewe probeer gee het.

Hierdie kultuur-voorwerpe spreek nie alleen op uitmuntende wyse van die mens omdat dit hom omring en sy ganse leefwêreld gevul het nie maar in die besonder omdat hy die skepper daarvan was. Dis die resultaat van sy

arbeid in sy poging om die natuur te bewerk en te beheers. Hierdie resultaat van sy skeppende aktiwiteit is egter nie toevallig nie want die mens behandel die materiaal wat hy ter hand neem om sy voorwerp te skep nie na willekeur nie. Die materiaal moet op 'n bepaalde wyse gevorm word omdat hy daarmee 'n besondere doel nastreef. 'n Idee word daarin beliggaam wat vir die skepper van waarde is. Hierdie resultaat van sy arbeid kan dus 'n gebruikswaarde vir hom inhou, maar ook 'n kunswaarde of wetenskaplike waarde of watter waarde hy ook al daaraan wil heg. Die feit bly egter staan dat sy kultuurskepping vir hom waardevol is omdat hy as enkeling en die gemeenskap waarin hy hom bevind, die simboliese waarde wat in sy skepping beliggaam is, in ere hou. 'n Voorwerp wat as resultaat van die arbeid van 'n vorige geslag of 'n kultuur oorgebly het, spreek dus van veel meer as die hout of klip of yster waaruit dit gemaak is. Dit spreek in die besonder van mense, van hul waardes en geldende norme en ideë wat hulle gekoester en nagestreef het. En dit is juis hierdie dinge wat in voorwerpe beliggaam word, wat die een kultuur van 'n ander onderskei.<sup>5</sup>

Só getuig ook sy werktuie en gereedskap van sy vormende en veranderende aktiwiteit asook van sy ontembare ywer om die ongerepte natuur bewoonbaar te maak en te onderwerp aan sy eie waardeoordeel daarvoor. Ornamente, versierings en klere verbeeld sy huislike lewe en skeppende vermoë. Sy heilige voorwerpe wat in eenvoudige huise, in deftige paleise, tempels en grafkelders gevind is, vorm 'n beeld van sy geloofslawe. Hierdie heilige voorwerpe is immers die "schakel tussen de wereld van de mens en de wereld van het gans andere, zoals de vlag een trait-d'union is tussen de individuele vaderlander en het Vaderland. Heilige voorwerpen zijn contactpunten tussen de wereld der mensen en die der goden en geesten. Daarom kunnen heilige dingen gelden als een bron van kracht waaruit de mens kan putten".<sup>6</sup>

Juis omdat die resultaat van die mens se arbeid vir hom om een of ander rede waardevol is, blyk dit 'n wesenskenmerk van die mens dat hy versamelaar is.<sup>7</sup> Die nood van sy bestaan het hom genoop om kos, klere, wapentuig en ander gebruiksvoorwerpe te versamel. Meer nog, hy het ook die fase betree waarin hy sy persoonlike rykdom hebsugtig opgegaar het omdat dit hom sosiale aansien en reputasie verleen het.<sup>8</sup> Dit word bevestig wanneer die Argafese en Klassieke sale van sommige van die wêreld se oudste musea soos onder andere die Britse Museum en die Louvre besigtig word. Oral waar

opgrawings van antieke kulture gedoen is, is spore van hierdie eeue-oue versamelingsdrang van die mens gevind.

Daar is ook versamelings uit die Oudheid wat lig werp op nog 'n ander wesenskenmerk van die mens wat ook as motivering vir sy versamelingsdrang kan dien. Martin Heidegger, die bekende filosoof, noem hierdie kenmerk "Geschichtlichkeit".<sup>9</sup> Hierdie historisiteit dui daarop dat alle mense by die geskiedenis betrokke is en dus 'n belangstelling in die verlede toon. Dit kan selfs uit nuttigheidsoorweging voortvloei omdat die mens hoop om uit die verlede lesse te leer vir die toekoms. Die mens kan immers die hede beter begryp en sinvoller daarin optree as hy die verlede ken waaruit die hede ontstaan. Die wese van die bestaan van volk en individu lê ook in die verlede. Huizinga stel dit só: "Een nationaal gevoel, dat zich niet spiegelen kan in de roerloosheid van het verleden, mist den grondslag van zijn wezen. Het leven van een natie is historie, zooals het leven van den enkelen mensch historie is. Op ieder oogenblik, dat men het leeft, heeft het zijn vorm en zijn beteekenis, zijn zin en zijn richting, uit dat deel wat voorbij is. Wie zich afgesneden denkt van de herinnering aan zijn herkomst, groei en lotgeval, staat redeloos voor het leven. Elk welbewust volks- en staatsbesef eischt kennis en rekenschap van de historie."<sup>10</sup>

In dié verband kan verwys word na Bel-Sjalti-Nannar, die prinses wat ook al die eerste "museumkurator" genoem is. Sy was omstreeks 550 v C hoëpriesteres van die maangod in Ur en het in haar woning 'n klein versameling oudhede bewaar. Dit was afkomstig uit ou tempels wat koning Nabonidus (555 - 538 v C) laat opgrawe en ter ere van die gode gerestoureer het. Hierdie versameling was slegs waardevol vanweë die eerbiedwaardige ouderdom daarvan. Die prinses het die versameling waardevol geag omdat dit 'n historiese band was wat verlede en hede met mekaar verbind het.<sup>11</sup>

## ii Die Klassieke Era

Hierdie versamelingsaktiwiteit van mense voor en in die eeue na die eerste "kurator" het onverpoosd voortgeduur en waarskynlik sy hoogtepunt bereik in die Klassieke Era van die Grieke en Romeine. Maar die prinsipiële doelstelling van die moderne museum word nie alleen in die versamelings-

aktiwiteit beliggaam nie. Indien versameling 'n doel op sigself bly, word daar nie deurgedring tot die wese van die museum-fenomeen nie. Sonder die tweede dimensie bly so 'n instelling maar slegs 'n bewaarplaas of pakskuur. Eers wanneer die besef deurbreek dat hierdie versamelde artefakte vir die gemeenskap toeganklik gestel en geïnterpreteer moet word sodat dit geniet en waardeer en as belangrike hulpmiddel in die opvoedingsproses aangewend kan word, kan daar van 'n museum sprake wees.

In dié sin het daar in die antieke wêreld geen museum as kulturele manifestasie bestaan nie. Dit is egter wel waar dat te midde van die koorsagtige opgaring van skatte deur hul tydgenote, enkele Romeinse burgers die neiging getoon het om uit artistieke en suiwer historiese oorwegings privaat versamelings aan te lê wat van tyd tot tyd vir die publiek toeganklik gestel is.

'n Goeie voorbeeld van hierdie verligte benadering vind ons by Asinius Pollio (76 v C - 5 n C), veldheer, staatsman, digter, redenaar en historikus.<sup>12</sup>

Volgens Plinius<sup>13</sup> was hy die stigter van die eerste openbare biblioteek. Hy stel hom ook ten doel om kunsskatte toeganklik te maak vir die gemeenskap. Hy wil dus nie ter wille van eie roem en prestige skatte versamel om hom op selfsugtige wyse in die geslotenheid van sy eie huis daarin te verlustig nie. Hy streef intendeel daarna om dit met die gemeenskap te deel en dit saam met hulle te geniet.

Plinius maak verder ook melding van Julius Caesar, Augustus en ander wat hierdie lofwaardige doel nagestreef het. Hy verwys trouens ook na 'n merkwaardige toespraak van Marcus Agrippa wat betoog het dat alle skilderye en beelde openbare eiendom behoort te wees in plaas daarvan om dit na plattelandse wonings van ryk individue te verban.<sup>14</sup>

Maar ook hierdie merkwaardige gesindheid het saam met die roem en grootsheid van die antieke wêreld in die niet versink.

### iii Die Middeleeue

Tydens die Middeleeue, waarin die kultuur feitlik die monopolie van die Kerk is en deur die gees daarvan deurgedring word,<sup>15</sup> is daar ook geen ruimte vir 'n instelling soos die moderne museum nie. Onder die statige gewelwe van onoortreflike Gotiese katedrale is monnike en kunstenaars anoniem en

verberg agter hul kunsskeppinge want hulle skep alleen tot eer van God en die redding van hul siele. Alles adem 'n gees van strenge kerklikheid, sakramentalisme en wêreldontvlugting. Die beelde en taferle, die goue kruise en kandelaars, die kosbare altaarklede en misgewade en die sorgvuldig beskermde relikwieë - dit alles getuig van 'n onbegrensde oorgawe in liefde, van vrome toewyding en van patetiese bygeloof.<sup>16</sup>

In kerke en kloosters het versamelings ontstaan wat ten nouste met die geloof verband hou. Relikwieë wat eens in die nabyheid van die Maagd was, waaraan die Heiland eens sou geraak het en ook dié wat na die beste van hul wete in die gryse verlede in besit van die heiliges was, is naartoe versamel.<sup>17</sup> Dit is aangevul deur belangrike dokumente en ander voorwerpe wat later ten tye van die Kruistogte - en die lewendige verkeer en kontak met die Ooste wat dit bewerkstellig het - hul weg na die kloosters gevind het.<sup>18</sup> Hierdie versamelings word deur Huizinga só beskryf: "Er is in die dagen nog een zekere ongescheidenheid van smaak en wansmaak in de geesten: kunstzin en lust aan pronk en rariteiten hebben zich nog niet van elkaar afgezonderd. De naïeve fantasie kan nog ongestoord het bizarre genieten, alsof het schoonheid was ... Hooge kunst en kostbare prullenkraam worden nog gemoedelijk doorengemengd en gelijkelijk bewonderd."<sup>19</sup>

#### iv Die Renaissance

In die veertiende eeu ontstaan daar in Italië 'n kultuurbeweging wat in die loop van die vyftiende eeu ontplooi en omstreeks 1500 sy hoogtepunt bereik. Hierdie beweging wat geleidelik uitkring na Frankryk en ander Europese lande, sou die geestelike klimaat skep waarin die voorlopers van die museum tot stand sou kom. Die benaming waarmee hierdie bloeitydperk aangedui word en veral sedert die middel van die negentiende eeu in wetenskaplike taalgebruik inslag vind, is "Renaissance". Dit was die Italiaanse skrywer, beeldhouer, skilder en biograaf van die skilders, Giorgio Vasari (1511 - 1574), wat die vernuwing van sy eie tyd met die term "rinascita" beskrywe het. Die begrip dui op Bybelse spraakgebruik en gryp terug na die Christelike beeld van die wedergeboorte wat op die kunste en die Klassieke kultuur van toepassing gemaak word. Die begrip ondergaan verdere verruiming aan die hand van Jules Michelet in die sewende deel van sy "Histoire de France" (1855). Sedert die Switserse kultuurhistorikus, Jacob Burckhardt, in sy "Die Kultur der

Renaissance in Italië" (1860) 'n meesterlike beskrywing gegee het van die laat-Middeleeuse beskawing in Italië, word die benaming Renaissance algemeen aanvaar vir die kultuurperiode tussen die Middeleeue en die Nuwe Tyd.<sup>20</sup>

Nieteenstaande die waarskuwing van Huizinga dat dit "een ijdel streven (is), den 'Renaissance-mensch' te willen beschrijven",<sup>21</sup> mag gekonstateer word dat hy nie meer tevrede was met sy politieke, sosiale en ekonomiese toestand nie. Hy sou voortaan alles in die stryd werp om sy omstandighede te verbeter. Die Humanisme van die Renaissance het die klem in 'n toenemende mate op die mens as vrygemaakte wese laat val. In hierdie nuwe gestalte het hy homself gesien as 'n natuurlike, aardse verskynsel wat hom nie meer in dieselfde mate as voorheen gebonde gevoel het aan sy goddelike roeping nie. Die wêreld het ook sy sakrale betekenis vir hom verloor. Een van die nuwe denkers wat hom teenoor die ou Middeleeuse lewensideaal stel, is graaf Giovanni Pico della Mirandola (1463 - 1494). In 'n rede wat later die titel "De hominis dignitate" ontvang en deur Jacob Burckhardt as "der edelsten Vermächtnisse jeder Kultur-<sup>25</sup> epoche" beskou is, stel hy dit só: "God het die mens in die middel van die wêreld geplaas, sonder 'n vaste plek, sonder dat Hy 'n besondere gestalte of taak aan die mens gegee het soos Hy met ander dinge wat Hy geskep het, gedoen het. Die mens is nòg volkome aards, nòg volkome hemels. Die mens kan tot 'n dier ontaard of hy kan na die hemel opstyg, dit hang suiwer en alleen van die mens se wil af. Die mens het die moontlikheid om te besit wat hy wil, om te wees wat hy wil."<sup>22</sup> Hierdie mens sou hom voortaan entoesiasies kon toewy aan die litterae humaniores van die Antieke, wat vir hom die voorbeeld en die norm geword het. Hy koester die begeerte van 'n absolute vryheid waarin die mens as individu met sy intellektuele en estetiese gees vry is van die wette van die moraal. Dit is 'n hunkering na die vryheid wat eens in die Athene van Pericles<sup>23</sup> twee duisend jaar tevore geleef het en weer in die Florence van die Medici sou herleef.

'n Verdere wesentlike kenmerk van die Italiaanse volksbesef wat tot bloei kom.<sup>24</sup> Die antieke nasionale gedagte het, te midde van vreemde oorheersing en politieke verskeurdheid, nooit heeltemal verdwyn nie. Die Italiaanse patriotisme word in 'n belangrike mate gestimuleer deur die onkeerbare ywer van die Humaniste om terug te keer na die Klassieke bronne. Hulle het onverpoos gesoek na manuskripte van profane en kerklike skrywers wat in

verskillende kloosters vergete gelê het. In die soektog spoor hulle tot hul groot vreugde onbekende tekste op van profane skrywers soos Tacitus en Plautus asook dié van kerklike skrywers soos Tertullianus en Irenaeus. Verder is die Renaissance-gees verryk deur baie Grieke wat voor die val van die Bisantynse Ryk in 1453 gevlug en na Italië verhuis het. Hulle het 'n rykdom van manuskripte met hulle daarheen saamgeneem.

Die bewussyn vir die Klassieke en die herlewing van 'n Italiaanse patriotisme is verder ook aangewakker deur die reste van die antieke boukuns en erfenis wat oral om hulle sigbaar was en deur die intelligentsia geïdentifiseer is as die vergane glorie van die Italiaanse volk. 'n Onuitblusbare begeerte ontwaak om die sierade van weleer te besit en te bewaar. Tussen 1450 en 1550 is 'n ontsaglike skat van kunswerke in Rome en omgewing opgedelf. Beramings in die verband wissel van 60 000 tot 170 000 beelde wat die plundertogte en vernietiging van Rome oorleef het. Tesame met muntstukke, medaljes en 'n menigte dokumente het hierdie antieke kunsskatte in versamelings, kabinette en musea beland wat as 't ware byna oornag oor die hele Europa ontstaan het.<sup>25</sup>

#### Die Moderne Tyd

Die grootste en belangrikste versamelings is egter deur die ryk vorste en bourgeoisie-families opgestapel in hul paleise wat in die opkomende stadstate gesetel was. In ooreenstemming met die geestesklimaat van hul tyd versamel hulle nie alleen antikwiteite nie. Hulle gebruik ook hul mag en geldelike vermoëns om beeldende kunstenaars, digters en geleerdes aan hul howe te verbind. Deur opdragte aan hierdie kunstenaars te gee stimuleer hulle die eietydse kunste en navorsing. So is dit byvoorbeeld bekend dat Michelangelo onder leiding van 'n Humanis soos Politianus, 'n studie van oudhede gemaak het om talle van sy opdragte te voltooi.<sup>26</sup> In Florence, waar die suiwerste uitdrukking van die Renaissance-gees gevind word, was die politieke mag in die hande van die familie De Medici wat hul mag en rykdom ook te danke gehad het aan die ekonomiese bloei wat deur die Kruistogte veroorsaak is en 'n lewendige handelsverkeer met Europa en die Nabye Ooste geskep het. Nadat hul mag onder Cosimo (1389 - 1464) gevestig is, het dit roemryk onder Lorenzo de Medici (1448 - 1492), wat deur sy tydgenote met die aanspreekvorm "Il Magnifico" vereer is, uitgegroeï tot die hoogtepunt van die Italiaanse kunslewe en middelpunt van die Humanisme en die Renaissance. Hy versamel egter nie slegs objeets d'art van sy tyd nie. Ook die versameling van manuskripte van die Klassieke outeurs wat reeds deur die geestelike vader van die Humanisme,

die digter en geleerde Francesco Petrarca (1304 - 1374) begin is, vind in Lorenzo sy hoogtepunt.

Hierdie versameling van Lorenzo wat ook sy edelstene insluit, staan bekend as "museo dei codici e cimeli artistici". Met die benaming "museo" is teruggegryp na die Griekse "mouseion" wat in die derde eeu v C in Alexandrië floreer het as 'n akademie vir wetenskap en navorsing. Alhoewel hierdie instelling ook nie 'n museum in die moderne sin van die woord was nie, is die gees van studie en navorsing wat daarin beliggaam is, op die "museo" oorgeplant. Voortaan sou die term "museo" of "museum" algemeen gebruik word. Beide Leonardo da Vinci en Michelangelo maak in die palazzo van Lorenzo op die Via Larga kennis met die beroemde beeldhouers, digters en skilders van hul tyd. Met die dood van Lorenzo in 1492 het hy 'n magtige versameling byeengebring waarin kuns, kultuurgeskiedenis en natuurhistorie elk sy regmatige plek gevind het.<sup>27</sup> Hier lê die wortels van die ensiklopediese versamelings wat in die daaropvolgende eeue dwarsdeur die wêreld ontstaan het.

#### v Die Moderne Tyd

Die nadruklike belangstelling van die Renaissance-mens in die mens en sy leefwêreld het ook 'n verhoogde belangstelling in die natuurwetenskappe en die ontwikkeling van die tegniek tot gevolg gehad.<sup>28</sup> Een van die uitvloeisels daarvan is dat die era van die ontdekkingsreise betree is wat lei tot die oopstelling van die sogenaamde "Nuwe Wêreld". Die kennismaking met die ongerepte natuur en primitiewe volkere met hul wapentuig, gebruiksvorwerpe, kledingstukke en vreemde lewenswyse het 'n nuwe versamelingswoede soos 'n veldbrand deur Europa versprei. Die reeds bestaande ensiklopediese versamelings is ruimskoots verryk deur hierdie rustelose drang tot ondersoek en die groeiende rykdom van verskillende wêrelddele wat hul weg na Europa gevind het.

Dit is begryplik dat hierdie toedrag van sake geleidelik 'n behoefte by versamelaars laat ontstaan het om hul uitgebreide versamelings te orden en sinvol in te rig. Dit gee aanleiding tot die verskyning van die eerste handboeke oor musea wat ywerig deur versamelaars gelees is. In dié verband was dit veral die twee medici, Ulisse Adrovandi van Bologna en die Vlaming Samuel von Quicchelberg, wat baanbrekerswerk verrig het. Laasgenoemde betoog in 1565 dat die museum 'n beeld van die ganse skepping behoort te vertoon deurdat die inhoud daarvan in gesistematiseerde vorm alle skeppings-



verskynsels behoort te verteenwoordig.<sup>29</sup> Die eerste "Society of Antiquaries" word in 1572 opgerig met die doel "to separate falsehood from truth and tradition from evidence" en om die geskiedenis te suiwer van die "sagacity of modern criticism".<sup>30</sup> Byna tweehonderd jaar later, in 1727, verskyn die belangrike en bekende werk van Caspar F Neickelius, "Museographia". Hy behandel die probleme van versameling, bewaring, reëling van die temperatuur en klassifikasie van voorwerpe. Hy deel voorwerpe in onder "naturalia" en "curiosa artificialia". Dit is trouens die indelingstelsel wat die meeste versamelaars van die sestiende tot die agtiende eeu volg. Die "naturalia" het bestaan uit voortbrengsels uit die diere- en planteryk asook delfstowwe. Die "curiosa artificialia" het hoofsaaklik bestaan uit meganiese toestelle, musiekinstrumente, kunswerke en sonderlinge voortbrengsels uit verre vreemde lande.<sup>31</sup>

Soos verwag kon word, sou die voortgesette belangstelling in die beoefening van die natuurwetenskappe wat in die Renaissance 'n aanvang geneem en sy hoogtepunt in die Wetenskaplike Rewolusie van die sewentiende en agtiende eeu bereik het, ook daartoe lei dat versamelings by universiteite byeengebring word. Dit sou immers 'n waardevolle rol kon speel in die onderrig van studente. Dit het byvoorbeeld gebeur aan die Universiteit van Leiden in Nederland wat op 8 Februarie 1575 geopen is. 'n "Theatrum Anatomicum" word in 1593 daar geopen. Benewens die anatomiese versameling het die Theatrum ook 'n uitgebreide versameling kultuurvoorwerpe onder andere van Egipte, Sjina en Siam. Baie waarde is daaraan geheg want "dit alles zou er veel toe bijdragen om de zeden der Oudheid te leren kennen".<sup>32</sup>

'n Tweede versameling wat aan 'n universiteit verbind kan word, word in Engeland aangetref. Dit is naamlik die Ashmolean Museum in Oxford wat 'n groot versameling "ethnographica" en "naturalia" bevat het wat vroeër aan John Tradescant (oorlede 1638) en Elias Ashmole (1617 - 1692) behoort het. Die museum is in 1683 geopen en was vir die gemeenskap toeganklik.<sup>33</sup>

Een van die beroemdste van hierdie vroegste versamelings van die sewentiende en agtiende eeu wat as voorlopers van die moderne museum gesien kan word, is dié van sir Hans Sloane in Engeland. Dit is juis uit sy erflating aan die Engelse volk waaruit die eerste amptelike museum, naamlik die Britse Museum in Londen, voortspruit. Die Britse parlement besluit in 1753 om £20 000 aan

sy erfgename te betaal en die verantwoordelikheid te aanvaar om 'n museum op te rig. 'n Unieke versameling word in 1759 op 'n beperkte skaal vir die publiek oopgestel.<sup>34</sup>

In teenstelling met die ontstaan van die Britse Museum het die eerste openbare musea op die vasteland van Europa voortgespruit uit koninklike hofversamelings. In die onstuimige tye van opstand en ontevredenheid van die massas, ontstaan die neiging by die adel om op uiters beperkte wyse meer voorregte te deel met minderbevoorregtes. Die Franse versameling wat uiteindelik in die Louvre byeengebring sou word, word reeds van 1750 tot 1779 in die Luxembourg aan belangstellendes vertoon. Die Louvre is in 1793 vir die gemeenskap oopgestel.<sup>35</sup>

Een van die vrugte van die Franse Rewolusie was dat die proses om privaat= versamelings in 'n toenemende mate vir die publiek oop te stel, versnel is. Die slagkreet van die Rewolusie was immers die gelykheid van alle burgers. Die ganse samelewing en al sy instellings is ingrypend omvorm en verander om die filosofie wat deur die Rewolusie gedra is, tot gestalte te laat kom. In die nuwe samelewing was daar nie ruimte vir versamelings wat slegs vir die elite gereserveer word nie. Die museum is ook vrygemaak van sy eeue-oue hebsug en selfsugtige versamelingsdrang. Die besittings van vorste en die "ancien regime" het openbare besit geword wat gaandeweg uitgroei tot nasionale besit, die trots van die ganse volk. Die Museo del Prado in Madrid kom in 1819 tot stand,<sup>36</sup> terwyl in 1852 die Hermitage een van die laaste koninklike versamelings is wat aan die publiek oopgestel word. Onder die regering van Nicholas I, van 1825 tot 1855 tsaar van Rusland, is die publiek onder streng voorwaardes toegelaat in die museumgebou wat van 1840 tot 1849 opgerig is.<sup>37</sup>

In eertydse paleise en vorstelike verblyfplase is die skatte uitgestal en sommige lande het ook geboue begin oprig wat waardig moes wees om die nasionale prestige-versamelings te huisves en aan die wêreld te vertoon. Van die eerste museumgeboue wat vir dié besondere doel opgerig is, is die Altes Museum in Berlyn, ontwerp deur die argitek Karl Friederich Schinkel. Met die opening van die museum in 1830 was dit reeds te klein om die bestaande versameling te huisves.<sup>38</sup> In 1847 word die hoofgebou van die Britse Museum voltooi,<sup>39</sup> en in 1885 die Rijksmuseum wat sedert 1876 beplan is deur die Nederlandse argitek, dr P J H Cuypers.<sup>40</sup>

Die moderne museum is gebore!

Die nuwe fenomeen het die negentiende-eeuse mens se verbeelding aangegryp. Oral in Europa het honderdduisende mense na musea gestroom om kunsskatte, kultuurhistoriese erfenisse en wonders uit die diere-, plante- en mineraleryk te betrag, wat voorheen alleen vir die bevoorregte elite beskore was. Die belangstelling word verder ook geprikkel deur die verskillende wêreldtentoonstellings wat in groot stede aangebied is. As die Great Exhibition in die Crystal Palace, Hyde Park in Londen, sy hekke op 11 Oktober 1851 sluit, toon die amptelike statistiek dat meer as ses miljoen mense in vyf maande die uitstalling besoek het.<sup>41</sup> Byna elke tentoonstelling lei tot die totstandkoming van nog 'n formidabele museum wat voorwerpe voortaan permanent sou uitstal. Die Crystal Palace-uitstalling loop juis uit op die vestiging van die "Victoria and Albert Museum".<sup>42</sup> Dit veroorsaak 'n hele deining wat uitgroei in 'n soort kompetisiegees tussen volkere om die pronkstukke, meesterwerke en "museum pieces" wat vanweë hul estetiese en historiese waarde versamel is, uit te stal.

Die museum word ook nie beperk tot net die kuns, geskiedenis en natuurwetenskappe nie. Met die Crystal Palace-uitstalling het dit ook die terrein van die industrie betree. Nywerheidskuns vorm 'n belangrike deel van die versameling en dien ook die doel om kunshandwerkers, nywerheidsfabrikante en studente te inspireer en te voorsien van voorbeelde wat tot die hoogste kwaliteit sou aanspoor.<sup>43</sup>

Die byna onbeskryflike erfenis van Europese musea wat deur die eeue in versamelings opgegaan is, het ook baie vrae na vore gedring wat voorheen nie ter sake was nie. Musea was nou immers nie meer die liefhebberye van vermoënde vorste of belangstellendes wat uit eie vermoë in ledige ure hul tyd met versameling verwyd het nie.<sup>44</sup> Dit was nou openbare instellings wat afhanklik was van staatsgeld en blootgestel aan die openbare mening. En juis daarom het die gees van die tyd vir die eerste keer werklik indringend sy invloed op die museum laat geld. Wat moes byvoorbeeld die beleid voortaan wees ten opsigte van versameling? Alles versamel waarop die hand gelê kon word? En hoe moes die ontsaglike versamelings wat in vertoonlokale en pakkamers opgestapel lê, gekatalogiseer en toeganklik gestel word? Watter maatreëls moes getref word dat die voorwerpe nie deur stof, vogtigheid en insekte vernietig raak nie? En miskien die dringendste vraag: Hoe moes die publiek gehanteer word wat geduldig in lang rye voor musea gestaan en wag het vir hul beurt om die sale te betree? Daar was egter geen kitsoplossing vir al

dié probleme nie en sommige daarvan sou eers in die loop van die twintigste eeu indringende aandag ontvang. Dit geld veral die probleem oor die rol wat die besoeker en belangstellende in die museum moet speel en daarteenoor die taak van die museum in die gemeenskap. Die wetenskaplike denkarbeid van die twintigste eeu het in dié verband 'n ingrypende wysiging in die hand gewerk.

## B Opelugmusea: die ontstaan

Maar die museum was geen statiese instelling nie. In die loop van die negentiende eeu het betekenisvolle ontwikkelings hul verskyning in musea gemaak. So het byvoorbeeld 'n nuwe belangstelling van die kultuurhistoriese museum in die volkskultuur aanleiding gegee tot die geboorte van 'n dinamiese nuwe fenomeen: die opelugmuseum. Hierdie gebeure verteenwoordig onteenseglik die betekenisvolste ontwikkeling in die kultuurhistoriese museum die afgelope eeu.

### i Faktore wat 'n aanleidende rol gespeel het

#### a Die belangstelling van die museum in die volkskultuur

Die belangstelling in die volkskultuur staan in skrilte teenstelling met dit wat tot die middel van die vorige eeu in kultuurhistoriese musea gebeur het. Die versamelings wat deur die eeue tot stand gekom het en in kultuurhistoriese musea opgeneem is, is gekenmerk deur die feit dat die voorwerpe beperk was tot die mooiste en kosbaarste voorbeelde van vorstelike weelde soos wat dit in die "opperkultuur" neerslag gevind het. In die reël was dit 'n weerspieëling van die kultuurperiodes soos die Renaissance, die Barok en die Rococo. Uit die aard van die saak was dit 'n eensydige beeldvorming en geen lewensgetroue wetenskaplike weergawe van die totale kultuurlewe en verlede nie. Die volkskultuur, wat sedert die Renaissance in 'n toenemende mate van die "opperkultuur" geskei is, het geheel en al ontbreek en is op geen wyse tentoongestel nie.<sup>45</sup>

Hierin kom daar geleidelik verandering. Voorwerpe wat voortaan ook hul weg na musea vind, word nie juis vanweë hul estetiese, historiese en intrinsieke waarde versamel nie. Dit is voorwerpe wat uit die eenvoudige leefwêreld van die gewone volksmens afkomstig is. Agter glaswande en in vertoonlokale was slaapkamers, kombuise en woonvertreke met meubels, werktuie en klededrag

uitgestal. In musea en internasionale tentoonstellings is selfs verder gegaan en huise ingerig om die kunsmatige effek van woonkamers agter glaswande te bekamp<sup>46</sup>. 'n Tipiese voorbeeld van hierdie pogings is die "Boerewoning" uit Suid-Afrika wat in 1900 op die Wêreldtentoonstelling in Parys opgerig is. Die meubels in die verskillende kamers was almal afkomstig uit Suid-Afrika. Dit was 'n poging om die leefwêreld van 'n Transvaalse Boer te herskep.<sup>47</sup> Dit spreek byna vanself dat dit, museumkundig gesien, 'n logiese stap sou wees om hierdie huise buite die museum in die vrye natuur op te rig om daarmee die leefwêreld meer konkreet uit te beeld. En dit is presies wat gebeur het.

#### b Die Romantiek

As mens net die ontwikkelingsgeskiedenis van die museum-fenomeen sou nagaan - sonder inagneming van die heersende geestestrominge en die algemene kultuurgeskiedenis - sou dit uitloop op 'n eensydige beskouing. Dit sou selfs kon voorkom of daar 'n anomalie is in die latere ontwikkeling. Indien alle omliggende faktore egter in perspektief gebring word, blyk dit dat die nuwere ontwikkeling byna vanselfsprekend was.

'n Geestestroming wat groot invloed uitgeoefen het is die Romantiek wat veral in die negentiende eeu gangbaar was. Die Romantiek was 'n reaksie teen die barre rasionalisme van die voorafgaande Aufklärung wat so 'n hoë premie geplaas het op die onbegrensde moontlikheid van die menslike ratio.<sup>48</sup> 'n Verdere aspek van hierdie geestestroming is die sterk historiese gerigtheid wat lei tot die ontdekking van die eie nasionale geskiedenis waarin die eie volk op die voorgrond kom. Die geskiedenis bied 'n vorm van ontvlugting waarin krag en besieling geput word vir die toekoms. Dit is juis dié bewuswording van die waarde van die nasionale kultuur wat die oog vir die museum as kulturele instelling open. Daarin kon die trots van die volk en sy grootse verlede sigbaar weerspieël en belêf word soos op geen ander plek in die samelewing nie. Die internasionale tentoonstellings soos dié in Londen (1851), Parys (1855), Kopenhagen (1879) en Amsterdam (1881)<sup>49</sup> en nasionale musea<sup>50</sup> wat oral verrys het, word dan juis die uitstalvenster om die eie trots en prestige aan burger en vreemdeling te projekteer. Die magtige invloed van die museum om hierdie nasionale verlede, trots en vaderlandsliefde aan te wakker, word nêrens beter besef en aangewend nie as juis in Duitsland.<sup>51</sup> Dit lei uiteindelik tot die oprigting van "Heimattuseen" in elke streek om te dien as sentra vir die

algemene opvoeding van die volk. Dit was so effektief dat in die jare tussen die twee Wêreldoorloë meer as twee duisend van hierdie musea opgerig is wat kon dien as 'n "Spiegel deutscher Kultur" waarin elke Duitser homself en sy afkoms kon besigtig om sy taak en sy toekoms te bepaal.

Dit was agter veral die Duitse Romantici wat in navolging van Johann Gottfried 'n Verdere komponent van die Romantiek wat in noue verband met die historisme staan, is die opkoms van die negentiende-eeuse nasionalisme wat ewe-eens 'n besondere invloed op musea en veral die ontstaan van opelugmusea uitgeoefen het. Die gedagte wat in die geestesklimate van die agtiende-eeuse Aufklärung leef: dat die mensheid 'n eenheid vorm en dat daar van 'n mensheidsgeskiedenis gepraat kan word, word ingrypend weerspreek deur onder andere Jean-Jacques Rousseau (1712 - 1778), Johann Gottfried von Herder (1744 - 1803) en Giuseppe Mazzini (1805 - 1872). Die gedagte kom nou sterk na vore dat die mens in historiese perspektief geen eenheid vertoon nie en dat daar ook geen sprake kan wees van 'n mensheidsgeskiedenis nie. Volgens Herder het elke gemeenskap van mense wat 'n gemeenskaplike taal praat, 'n unieke "Geist" wat op unieke wyse ontwikkel moet word. Die nasionale kultuur moet sy inspirasie put uit die eie volk om sy uniekheid te bewaar. Die faktore wat dié uniekheid van elke volk bepaal, word ook geïdentifiseer: die geskiedenis, die tradisie, taal, kultuur, lewensbeskouing en die godsdienst. Só groei die nasionalisme wat die eie volk in die middelpunt plaas.<sup>52</sup> Uit die aard van die saak het hierdie gedagtegang die museum as 'n handige instrument geag om sy doeleindes te bevorder.

### c Die ontstaan van die Volkskunde as wetenskap

Die Romantiek ken ook 'n belangrike rol toe aan die taal. "Language was believed to be the most vital criterion of national uniqueness."<sup>53</sup> Met groot ywer het die Romantici hierdie uniekheid in elke volk se nasionale oorsprong en tradisies nagevors om die uniekheid van verskillende kulture aan te dui. Dit lei tot 'n indrukwekkende navorsing in die filologie. Hierdie navorsing was in die besonder gerig op die landelike bevolking en boeregemeenskap aangesien hulle oënskynlik die minste deur die ontwikkeling van die eie tyd aangetas is.<sup>54</sup> Die eerste van hierdie pogings om die unieke geskiedenis van volke te skrywe, die volkskarakter te bepaal en belangstelling in die tradisionele kleredrag en kunstig versierde huisraad te toon, dateer uit die tyd van die Humanisme.<sup>55</sup>

James Macpherson (1736 - 1796) se "Tales of Ossian" het reeds in 1760 verskyn,

waarin hy die oorlewerings van die boerebevolking opteken. Thomas Percy (1729 - 1811) het Engelse volksliedere versamel en in 1765 'n bundel "Reliques of Ancient English Poetry" gepubliseer.<sup>56</sup>

Dit was egter veral die Duitse Romantici wat in navolging van Johann Gottfried von Herder ongekende hoogtes bereik het. Herder was 'n bewonderaar van alle volkspoësie. Alhoewel hyself geen oorspronklike poësie geskryf het nie, het sy "Stimmen der Völker in Liedern" (1778) invloed uitgeoefen op ander skrywers en digters - onder andere op Johann Wolfgang von Goethe (1749 - 1832), een van die grootste skrywers en digters in die geskiedenis van die Duitse literatuur. Dan was daar Ludwig Joachim von Arnim (1781 - 1831) en Clemens Brentano (1778 - 1842) wat ywerig volkspoësie, sages en sprokies versamel en uit die volksmond opteken. Hulle gee ongeveer seshonderd Duitse volksliedere in vrye verwerking uit onder die titel "Des Knaben Wunderhorn" (1805 - 1808).

Die Volkskunde, 'n naam wat vir die eerste keer in laasgenoemde werk verskyn, word egter deur die Germaanse navorsing van Jacob en Wilhelm Grimm as wetenskap gevestig. Veral Jacob (1785 - 1863) wat in 1812 sy "Kinder- und Hausmärchen" publiseer, slaag op 'n besondere wyse daarin om die eienaardighede en unieke uitinge van die volk aan die lig te bring. Hy word diep ontroer deur die eenvoud van die sprokies, sages en legendes wat hy onder die boerebevolking aantref en opteken. Vir hom is dit belangrike getuienisse van 'n beskawingsvorm wat reeds eeue lank agter die rug lê. En daarmee het hy ook die sleutel gevind om die oudste verlede van die "deutschen Nationalgeist" te ontbloot.<sup>58</sup>

Hierdie belangstelling in die volksoorleweringe brei uit na Engeland, Frankryk, Skandinawië en die Slawiese volkere. Dit bly egter nie beperk tot mondelinge oorleweringe nie. Die Volkskunde se belangstelling brei mettergaan uit om alle lewensuitinge van volkere te bestudeer, met inbegrip van boerewonings, gebruiksvoorwerpe, kleredrag, werktuie en so meer. In Engeland neem John Thoms die voortou deur 'n oproep te rig tot sy landgenote om die voorbeeld van die gebroeders Grimm na te volg en volksoorleweringe te bestudeer. Hierdie oproep verskyn in die Londense weekblad The Athenaeum van 22 Augustus 1846, onder die opskrif "Folklore". Die reaksie was baie gunstig, maar eers op 19 Desember 1877 hou "The Folklore Society" sy eerste vergadering om die bestudering van "Folklore" op vaste bane te plaas.<sup>59</sup>

Die term "Folklore" is egter nie slegs tot Engeland beperk nie. Dit het ook in Nederland inslag gevind. In 1887 skryf L Knappert sy proefskrif met die titel "De betekenis van de wetenschap van het Folklore voor de godsdienst-geschiedenis getoets aan de Holda-mythen", waarin hy dié term die eerste keer gebruik. In Duitsland word die term "Volkskunde" gebruik en in Frankryk "arts et traditions populaires".<sup>60</sup>

Hierdie wetenskaplike ondersoek het ongetwyfeld 'n belangrike bydrae daartoe gelewer dat die volkskultuur in musea tereggekom en die opelugmuseum uiteindelik tot stand gekom het.

#### d Die Industriële Rewolusie

Die belangstelling wat tydens die era van die Romantiek vir die volkskultuur gewek is deur 'n nostalgiese verlange en heimwee na 'n rustige landelike lewe te skep en wat verder deur die beoefening van die Volkskunde as wetenskap gestimuleer is, is ook deur 'n ander ontwikkeling verskerp. Dit geskied deur die bedreiging wat die Industriële Rewolusie vir die volkskultuur ingehou het.<sup>61</sup> Die gebruik van stoomkrag en die meganisasie van industrieë wat aanvanklik na 1750 in Engeland plaasvind en later in alle lande van Europa baie hande arbeid vervang, het nie alleen ingrypende verandering in die produksieproses teweeggebring nie, maar ook die sosiale struktuur indringend verander. Huisbedrywe en ander ambagte wat eeue lank beoefen is, verdwyn langsaam omdat dit nie met moderne tegnieke kan meeding nie. Tradisionele boerewonings en plase word deur noodsaaklike uitbreidings van fabriek en woonbuurte verswelg. En selfs die geboue verander geleidelik. Kortom, die tradisionele woonwyse en leefwêreld wat vir soveel eeue deel van die alledaagse lewe van die volkere van Europa was, was stadig besig om te wyk voor die nuwe wat die Industriële Rewolusie gebring het.<sup>62</sup> Skielik is besef dat dit nie maar net 'n tydsgees of gier is nie maar dat die verandering wat intree, die oue onherroeplik vernietig. Dwersdeur Europa sou mense ywerig pogings aanwend om tog iets van hierdie verlede te bewaar. Die kultuurhistoriese museum was die aangewese bondgenoot in dié stryd.

#### ii Artur Hazelius (1833 - 1901) in Swede

Die resultate van die navorsing van die Duitse Romantici het wyd uitgekring ver buite die grense van hul eie vaderland. In die meeste lande van Europa het die belangstelling in die oorleweringe van die eie volk teen 1850 sterk ontwaak.



Van Noorweë tot Italië, van Frankryk tot Rusland was geesdriftige manne besig om in die beste tradisie van Herder, die Grimms, Alexander von Humboldt, Wolf, Lachmann en andere die lank verwaarloosde oes in te samel. Oral word tydskrifte opgerig om belangstelling by die breë lae van die bevolking te wek, en wetenskaplike verenigings gestig om navorsing te bevorder.<sup>63</sup>

Dit alles gebeur ook in die Skandinawiese lande, met dié verskil dat dáár iets nuuts tot stand kom. Dit was, soos later ook dikwels elders gebeur het, hoofsaaklik toe te skryf aan die moeitevolle arbeid van 'n individu.

In Swede tref ons vir Artur Hazelius (1833 - 1901) aan. Hy verdien die onderskeiding dat hy beskou word as die stigter van die wêreld se eerste opelugmuseum.

Dr. Artur Hazelius is op 30 November 1833 te Stockholm gebore. Hy was 'n kind van sy tyd, 'n Romantikus met 'n diepgewortelde liefde vir sy vaderland en die kultuurgeskiedenis van sy mense. In hom brand ook 'n hardnekkige hunkering na die natuur en die buitelewe. Dit was juis hierdie liefde vir die natuur wat aanleiding gee tot 'n beslissende wending in sy lewensideaal. Met die rugsak op die rug deurkruis hy die ryk landstreek wat tussen die Schoonen en Norrbotten geleë is en stap die ganse Dalecardië deur. Dit is veral die reis wat hy in die herfs van 1871 en die somer van 1872 deur die land onderneem, wat 'n onherroeplike indruk op hom gemaak het. Hy vertoef tussen gewone boeremense en word oorweldig deur die prag van die tradisionele kleredrag en ryk kultuurlewe. Hy bewonder die huise, meubels en werktuie van die boere en leer ontsaglik veel van hul lewensgewoontes. Dit is juis in hierdie tyd dat die vrees in hom begin knaag dat alles wat hy met soveel deernis betrag, spoedig mag verdwyn. Die moderne tyd met sy voortuitgang gebring deur spoorweë, paaie, telegraafpale en skole, sou alles ingrypend verander.

Daarvan was daar reeds genoeg bewyse elders waar die proses sy tol begin eis het.<sup>64</sup>

Vir Hazelius was alles ineens baie duidelik. As hy self 'n reddingspoging wou aanpak, sou hy dadelik moes begin om 'n studie te maak van elke aspek van die kultuur wat hier nog betreklik ongeskonde bestaan het. Maar van die begin af besef hy dat hy alleen daarin kon slaag om die siel van hierdie mense bloot te lê as hy oor genoegsame kennis beskik van hul leefwêreld. Daarom sou hy elke aspek van hul daaglikse lewe noukeurig moes bestudeer,

soos hul kleredrag, die inrigting van hul wonings, boerderymetodes, ambagte en boutegnieke. In November 1872 vertrek hy na Södermanland om met sy navorsing te begin.<sup>65</sup>

Hazelius was 'n onvermoeide werker wat nie berus het in teenslae en teenkanting nie. Daarvan getuig die feit dat hy reeds op 24 Oktober 1873 die eerste pawiljoen van sy pas gestigte Nordiska Museet open. Hy was toe maar veertig jaar oud.<sup>66</sup> Teen 1880 moes 'n nuwe gebou beplan word as gevolg van die vinnige uitbreiding van sy versameling. Van hierdie poging skryf hy: "Dit is my vaste oortuiging dat hierdie jong stigting eenmaal 'n groot etnografiese en kultuurhistoriese museum sal word. Want dit sal die algemene belangstelling opwek vir huise en kleredrag ensovoorts uit Ou Swede. Die hele Sweedse volkslewe sal daarin tentoongestel word en mense sal 'n indruk kry van die wese, die gemoedslewe en die sedes van ons volk."<sup>67</sup>

In die Nordiska Museet het Hazelius interieurs van kamers van boerewonings ingerig wat spoedig wêreldwye erkenning geniet het - veral ook vanweë die feit dat hierdie kamers in 1878 tydens die Internasionale Tentoonstelling in Parys groot bewondering ontlok het.<sup>68</sup> By dié geleentheid het ook die Nederlandse insending van 'n Hindeloopenkamer en interieur 'n geesdriftige ontvangs geniet. Hierdie kamers het baie daartoe bygedra dat die sogenaamde "Struben-periode" 'n populêre plek in musea verower het.

Nieteenstaande die aanvanklike sukses wat Hazelius met sy uitstallings behaal het, moes hy tog die leemte en beperking van die konvensionele uitstalling, naamlik drie wande agter 'n glasvenster, aanvoel het. Die begeerte was immers om voorwerpe in funksionele verband ten toon te stel sonder die geringste sweem van kunsmatigheid. In die groot museumgebou was dit egter net nie moontlik om die realiteit tot sy reg te laat kom nie. "Zo leerde men inzien, dat men in een of andere museumboerenkamer alleen detail=indrukken kreeg en dat men geheele boerenhuizen met pronk-, huis-, en slaapkamers, stallen en schuren als museums moest inrichten, waarbij uiterlijk en inhoud harmonisch samenstemmen, het huis niet alleen het middel is om die museumvoorwerpen te conserveren, doch gelijkelijk doel mag heeten, als typisch verteenwoordiger van een of ander locale bouwtraditie."<sup>69</sup>

Van 1880 af begin Hazelius dan ook die moontlikheid ondersoek om sekere

betekenisvolle geboue uit landelike omgewings, vanweë hul wetenskaplike waarde, oor te plaas na 'n geskikte omgewing.<sup>70</sup> Die terrein van sy keuse is geleë op die eiland Djugården. Hier op Skansen, 'n naam wat daarop dui dat daar vroeër 'n vesting gestaan het, het Artur Hazelius sy opelugmuseum opgerig. In 1885 het hy die beroemde woonhuis Mora-hof aangekoop en in 1891 herbou. Op 11 Oktober 1891 word die eerste amptelike opelugmuseum ter wêreld formeel geopen. Tot met sy dood op 27 Mei 1901 het hy met onvermoeide ywer plaashuise van verskillende groottes uit die veertiende eeu en later, herehuise, skilderagtige houtkloktorings en 'n kerk uit 1729 na die terrein oorgeplaas. Selfs 'n "Stadkwateret" of stadsgedeelte met tipiese geboue, huise, strate en werksinkels, 'n apteek, kruidenierswinkel en 'n broodbakkerij is herbou om die besige stadsluwe van 'n eeu tevore lewendig en eg voor te stel. Die mense wat daarin besig is om die bedrywe en tuisnywerhede van ouds te beoefen, maak die skouspel nog meer realisties. Verskillende feeste word nou nog in Skansen gehou. Dit het reeds die uitwerking dat dié feeste tans ook elders in die land weer gevier word. Dit is trouens ook die geval met volksdanse uit verskillende streke.<sup>71</sup>

Met die stigting van Skansen is die lewenstaak van dr Artur Hazelius voltooi. Hy het op 'n merkwaardige wyse daarin geslaag om 'n spieëlbeeld van 'n kultuurgeskiedenis vir 'n nageslag te skep wat dit andersins nooit sou kon beleef nie. Hy het egter nie alleen sy eie volk hierin verryk nie, maar vir ander 'n voorbeeld gestel wat ook inderdaad nagevolg is.

### iii Bernard Olsen in Denemarke

Terwyl Hazelius in Swede besig was om pionierswerk te verrig, was twee ander tydgenote van hom ook besig om in hul onderskeie lande gestalte te gee aan die nuwe museumtipe. Die eerste van dié twee was Bernard Olsen. Hy was die stigter van beide die Dask Folkemuseet te Kopenhagen wat in 1885 vir die publiek oopgestel is, asook die eerste opelugmuseum van Denemarke. Olsen was een van die duisende mense wat in 1878 die Internasionale Tentoonstelling te Parys bygewoon het en geïnsponeer is deur die uitstalling van die Nordiska Museet en die Hindeloopenkamer. Die Deense "Frilandsmuseet" verrys aanvanklik in 'n park in Kopenhagen in 1897 maar word later verskuif na 'n groter terrein buite die stad, naamlik na Lyngby, Sorgenfri. Dié museum word in 1901 geopen en ontwikkel inderdaad in een van Skandinawië se mooiste opelugmusea.<sup>72</sup>

betekenisvolle geboue uit landelike omgewing, vanweë hul wettenskaplike  
 woorde, oor te plaas na 'n geskikte omgewing. Die terrein van sy keuse  
 is geleë op die eiland Djuurden. Hier op Skansen, 'n naam wat daarop dui  
 dat daar vroeër 'n vesting gestaan het, het Artur Hazelius sy opelugsmuseum  
 oopgemaak. In 1885 het hy die beroemde woonhuis More-hof aangekoop en in  
 1891 herbou. Op 11 Oktober 1891 word die eerste amptelike opelugsmuseum  
 ter wêreld formeel geopen. Tot met sy dood op 27 Mei 1901 het hy met  
 onvermoede ywer plaaslike van verskillende grootte uit die verrelande een



Olaan was een van die duisende manne wat in 1878 die Internasionale  
 Tentoonstelling te Parys bygewoon het en geïnsponeer is deur die uitstalling  
 van die Nordsiska Museum en die Hindeloopenkamer. Die Deense "Frislandsmuseum"  
 verplee aanvanklik in 'n park in København in 1897 maar word later verskuif

Stavekirke in Maihaugen, Lillehammer.

na 'n groter terrein buite die stad. Die  
 museum word in 1901 geopen en ontwikkel inderdaad in een van Skandinawië se  
 grootste opelugsmusea.

iv Anders Sandvig (1862 - 1950) in Noorweë

Nog 'n tydgenoot wat voortreflike baanbrekerswerk verrig het, was Anders Sandvig (1862 - 1950), 'n tandarts uit Lillehammer in Noorweë. Hy voltooi sy studie in Berlyn maar is genoodsaak om weens swak gesondheid na die binneland te verhuis. Hy vestig hom in Lillehammer. Tydens reise oorsee in die tagtigerjare van die vorige eeu, merk hy ook hoe die industriële ontwikkeling in die meeste lande soos 'n vloedgolf die volkskultuur wegvee. Dit bring hom tot die besef dat dit ook spoedig die geval sal wees in die afgesonderde dele van Noorweë waar hy woonagtig is. Vanaf 1887 begin hy om stelselmatig elke ding te versamel waarop hy die hand kon lê. Op sy besoeke aan sy pasiënte, veral by die boere uit die nabygeleë Gudbrandsdal, ontglip niks sy aandag nie. Dikwels het hy voorwerpe van dié mense ontvang as betaling vir mediese dienste gelewer. Só versamel hy letterlik duisende voorwerpe uit die daaglikse volkslewe wat hy in sy tuin ten toon stel en graag aan besoekers toon. Teen 1904 is sy versameling wat aangegroei het tot 30 000 voorwerpe en 100 geboue, aan 'n vereniging oorgedra en na Maihaugen by Lillehammer oorgeplaas en opgerig.<sup>73</sup>

Dit is insiggewend om te let op die doelstelling wat Sandvig vir die stigting gestel het, aangesien dit insae bied in die gedagte-wêreld van hierdie vroeë pioniers. Hy stel dit só: "In my opinion Maihaugen should be a collection of homes, where it is possible to come close to the people who lived in them, to learn to know their way of life, their tastes, and their work. A home in its form and equipment provides a picture of the people who lived in it and in the old manor farms not only are the individuals reflected, but the family itself, generation upon generation. But my aim is not merely to preserve a haphazard collection of old houses. No, I would like to include the whole parish as a complete entity, in my great picturebook. Not only the manor farm with its many buildings, and its family heirlooms, but also the homes of the small farmers and the crofters, the craftsman's cottage up the hill and the outfarm deep in the forest. And the old parish church will peal its chime of bells in memory of bygone generations."<sup>74</sup>

Hier het ons weer 'n Romantikus in die negentiende-eeuse tradisie aan die woord. 'n Romantikus soos trouens al hierdie pionierstigters van opelugmusea inderdaad was en waarvan die woorde en dade van Sandvig 'n goeie voorbeeld is. Hierdie manne is aangevuur deur 'n opregte liefde vir die volkseie en 'n

pynlike bewustheid van die feit dat die voortstuwende ekonomiese en industriële omwenteling besig is om die ou-wêreld waaraan hulle só verknog geraak het, te verteer. Daaruit spruit die nostalgiese verlange om iets van hierdie dinge wat vir hulle mooi en waardevol is, in 'n "prenteboek" in te plak sodat die idilliese landelike lewe en "goeie ou dae" na willekeur weer en weer "deurgeblaa" en geniet kan word. Dit is in 'n sekere opsig niks anders nie as 'n begeerte om te ontvlug na 'n vervloë tyd en 'n verbygegane geslag vir wie daar in die nuwe tyd nie meer bestaansruimte is nie.

Hierdie emosionele beleving van die verlede en die kulturele erfenis verander egter niks aan die feit dat hulle voortreflike baanbrekerswerk van hoë wetenskaplike waarde verrig het nie. Dit is egter wel so dat hulle geneig was om elke struktuur as 'n selfstandige eenheid te beskou sonder om rekening te hou met die "ganzheitliche" voorstellingswyse wat eers etlike dekades later nagestreef is. Die woorde van Sandvig wat aangehaal is, dui egter daarop dat dié tekortkoming van hierdie eerste fase wel deeglik besef is en dat hy minstens daarna gestrewe het om die totale leefwêreld te weerspieël. In uitstallings leef ook die oortuiging dat 'n voorwerp eers tot sy volle reg kom indien dit in funksionele of natuurlike verband ten toon gestel word. Dáárin is 'n belangrike uitgangspunt vir die toekoms vasgelê.

#### v Ander lofwaardige pogings

Dit sou egter nie 'n volledige beeld van die ontstaangeskiedenis van die opelugmuseum bied as volstaan word met net die bydraes van die drie pioniers Hazelius, Olsen en Sandvig nie. Alhoewel reeds gekonstateer is dat Hazelius die stigter van die eerste opelugmuseum is, moet dit tog vermeld word dat daar ook ander aansprake op hierdie eer was. Die kunshistorikus te Lund, Sön Karlin, het byvoorbeeld daarop aanspraak gemaak dat hy reeds enkele maande voordat Hazelius die terrein aangekoop het, in die openbaar betoog het vir die "paviljoensysteem bij musea-inrigting".<sup>75</sup>

Dit gaan natuurlik nie hier om uitsluitel te verkry waar en by wie die gedagte eerste ontstaan het nie. Hazelius en sy tydgenote het immers in 'n tyd geleef en gewerk toe bepaalde gedagtes in 'n besondere geestesklimaat geleef het. Dit kan dus met sekerheid aanvaar word dat daar ook ander sou wees wat gepoog het om uitdrukking te gee aan die ideale van die tyd.

Maar dit is selfs moontlik om verder terug te gaan in die geskiedenis as die

negentiende eeu. Daar is byvoorbeeld die ywerige poging van Hadrianus wat in die Klassieke era van Rome 'n soort opelugmuseum naby Tibur noord-oos van Rome opgerig het. Hy het 'n mikrokosmos van sy ganse ryk op sy uitgestrekte landgoed laat verrys.<sup>76</sup> In die Renaissance was dit ook 'n algemene verskynsel om beelde in tuine op te rig. Hierdie mode het weer herleef teen die einde van die agtiende eeu, asook in die negentiende eeu onder die invloed van die Romantiek met sy hunkering na die vrye natuur.

Dit is ook bekend dat Marie Antoinette in die tuine van die Petit Trianon 'n plattelandse villa laat oprig het.

Dieselfde gebeur eweneens in Engeland waar sulke plattelandse wonings ook in parke opgerig is. Te Henbury naby Bristol is so 'n voorbeeld te sien. John Nash het dáár vir die eienaar van die Blaise Castle-landgoed, John Scandrett Harford, in 1811 die huise laat bou. Die huise wat nog bewoon word, grens aan die terrein waarom die Blaise Castle House Folk Museum opgerig is.<sup>77</sup>

Verder moet melding gemaak word van die Switser, Charles de Bonstetten, wat teen die einde van die agtiende eeu 'n tyd lank in Denemarke vertoef het. Hy was besonder beïndruk deur 'n sestigtal beelde in die koninklike tuin te Fredensborg. Hierdie beelde het tradisionele kleredrag uit verskillende streke uitgebeeld. By aanskouing daarvan het dit by hom opgekom dat dit tog aantreklik sal wees as 'n deel van die tuin ingerig kan word "wo die Hütten der Lappländer, die Häuser von Ferroë, und die aus Rasen fest und warm gebauten grünen Wohnungen der Isländer mit dem Haus- und Landgeräth aller dieser Völkerschaften vorgestellt wären. Ein Fussteig im Wald hätte mich dann bald an eine isländische Wohnung, bald in eine finn-markische Hütte geführt. Die Zusammenstellung dieser Gegenstände würde zu vielen nützlichen Vergleichen Anlass geben".<sup>78</sup>

Uit hierdie aanhaling is dit tog duidelik dat Von Bonstetten meer in die oog gehad het as om die park vir ontspanningsdoeleindes beter te benut. Die gedagte om oorspronklike geboue af te breek en weer op te rig het egter nog nie by hom posgevat nie.

Hierdie gedagte dring wel deur tot 'n welgestelde Noorweër wat in 1867 'n paar boerewonings oprig buite Christiania, die toenmalige hoofstad van Noorweë. Dit kon moontlik aan koning Oscar II (1872 - 1907) die idee gegee het om tussen die jare 1884 en 1888 die middeleeuse "Stavekirke" en enkele boerewonings

te verskuif na sy landgoed, die pragtige buiteverblyf Oscarhall te Bygdøy. Dit vorm die kern van die van die Norsk Folkemuseum te Oslo, wat in 1902 vir die publiek oopgestel is.<sup>79</sup>

In dié verband is daar ook 'n noemenswaardige poging vanuit Nederland. Enkele huise uit verskillende dele van Indonesië is spesiaal opgerig vir die Koloniale Tentoonstelling te Amsterdam in 1883. Vanaf 1885 is dit op die terrein by die Sterrewag te Leiden bewaar en staan dit bekend as die "Kampong". Tot in 1903 vorm dit 'n afdeling van die Rijks Ethnographisch Museum, maar in dié jaar word die huise deur 'n storm vernietig. In 'n sekere sin sou die "Gids voor het Rijksmuseum voor Volkenkunde", 1961, dus wel kan verklaar dat die "Kampong" "wellicht het eerste openluchtmuseum ter wereld" was.<sup>80</sup>

#### vi Die sukses van opelugmusea in die Skandinawiese lande

Die filosofie van die opelugmuseum en die neerslag daarvan in die praktyk ontwikkel hoofsaaklik in die Skandinawiese lande. Naas die musea wat reeds genoem is, het Finland in 1908 sy opelugmuseum op die eiland Fölis opgerig. In die Skandinawiese lande sou in die daaropvolgende jare letterlik honderde musea van hierdie tipe tot stand kom. In Swede alleen is meer as sewe honderd opelugmusea oor die land versprei. In 1909 het Denemarke weer die voortou geneem met 'n nuwe ontwikkeling. Tot dusver het musea hoofsaaklik gekonsentreer op die landelike kultuur met sy plaasgeboue en boerewonings. In 1909 het Peter Holm egter die inisiatief geneem om enkele dorpselemente saam te groepeer. Hy rig hierdie museum op in Aarhus, Jutland, en noem dit "Den Gamble By" (Die Ou Stad). Die pragtige ou dorpshuise langs nou straatjies, 'n markplein, waterbron, winkels en werkswinkels waarin daar gewerskaf word, slaag eweens daarin om nog 'n faset uit die kultuurgeskiedenis lewendig te verbeeld.<sup>81</sup>

#### Nederland

Die vraag ontstaan waarom hierdie museum tipe nou juis in die Skandinawiese lande so 'n dinamiese inslag gevind het. Dit kan daaraan toegeskryf word dat dáár by uitstek individue was wat hulle geheel en al aan hierdie lofwaardige saak gewy het. Waarskynlik sou manne soos Hazelius en Karlin van Swede, Hans J Aall en Anders Sandvig van Noorweë, Bernhard Olsen en Peter Holm van Denemarke, en Axel Olai Heikel van Finland op enige ander plek in die wêreld dieselfde hoogtes bereik het. Maar daar is ook nog 'n heel eenvoudige praktiese verklaring vir hierdie verskynsel: die wonings en ander houtkonstruksies is gebou volgens tegniek wat "blokbou" heet, sodat dit baie makliker van die een plek



na 'n ander verskuif kan word as byvoorbeeld geboue van steen en klip. Dit was trouens 'n algemene verskynsel in die samelewing van hierdie omstreke dat mense destyds met huise en al getrek het. Heroprigting van hierdie konstruksies in opelugmusea was dus minder ingewikkeld - én veel goedkoper - as op ander plekke waar geboue met groot kundigheid steen vir steen of klip vir klip afgetakel moes word om dit dan weer elders op te bou.<sup>82</sup> Dit verklaar waarskynlik waarom van die sowat ses duisend geboue wat as gedenkwaardighede in groter of kleiner opelugmusea opgerig is, sowat 80% te vind is in Noorweë, Swede en Finland.<sup>83</sup> Nog 'n faktor is die feit dat die Nordiese lande in die verlede 'n sterk ontwikkelde nasionaliteitsgevoel besit het terwyl die musea in dié lande oor die algemeen 'n verligte beleid gevolg het. Hierdie faktore het ongetwyfeld baie daartoe bygedra dat die nuwe fenomeen dáár gouer inslag gevind het as elders in die wêreld.

Daarmee mag egter nie die indruk gewek word dat die pioniers op die gebied van die opelugmuseum nie voor baie probleme te staan gekom het nie. Selfs in die Skandinawiese lande is dié museum tipe nie sonder protes aanvaar nie. Baie museumkundiges was ook daar van mening dat 'n voorwerp slegs in 'n museum opgeneem mag word indien dit intrinsieke waarde besit. Só het die direkteur van die nasionale museum van Denemarke, Sophus Müller, by 'n geleentheid toe hy ingelig is oor die moontlikheid om 'n volkskundige museum te stig, opgemerk: "Rubbish is rubbish even if it's old rubbish."<sup>84</sup> Nieteenstaande teenkanting van hierdie aard het die opelugmuseum ongetwyfeld ongeëwenaarde belangstelling ontlok.

### C Verspreiding van opelugmusea na ander lande

#### i Nederland

Twee dekades nadat die museale fenomeen in die Skandinawiese lande sy verskyning gemaak het, het dit ook wortel geskiet op die Vasteland van Europa. Die voorbeeld word in Nederland gestel waar die ywerige oud-artillerieoffisier, Frederic Adolphe Hofer (1850 - 1938), sy aandag aan die saak wy. Hy ontvang die heelhartige steun van die toenmalige burgemeester van Arnhem, A J A A Baron van Heemstra. Beide Hofer en Van Heemstra word geïnspireer deur wat reeds in Skandinawië vermag is. Na 'n gesamentlike reis daarheen in 1910 kon hulle met die voorbereiding begin. 'n Terrein langs die Schelmseweg, "De Waterberg" te Arnhem, is verkry om die museum tot

stand te bring. Daarna word op 24 April 1912 die vereniging "Het Nederlands Openluchtmuseum" gestig met die doelstelling om 'n studie te maak "van de beschaving der plattelandsbevolking van Nederland, zooals die zich uit in woningbouw, dorpsaanleg, kleederdracht, huisraad, werktuigen enz". Om benewens hierdie doelstelling ook te streef na "het stichten en in standhouden van een Openluchtmuseum". As gevolg van die vertraging wat die Eerste Wêreldoorlog meebring, open die museum eers op 13 Julie 1918 sy hekke vir die publiek.<sup>85</sup>

## ii Die ganse wêreld

In die daaropvolgende ongeveer sestig jaar het opelugmusea oor die hele wêreld hul verskyning gemaak. Sommige van hierdie inrigtings het in 'n besondere mate daarin geslaag om vanweë hul wetenskaplike waarde en hul skoonheid roem te verwerf ver buite die grense van die eie land. In sy voortreflike gids waarin hy die opelugmusea van Europa bekendstel, toon Zippelius aan hoe 183 opelugmusea in 21 Europese lande tot stand gekom het.<sup>86</sup>

Die verspreiding is egter nie beperk tot Europa nie. So het Kanada byvoorbeeld in 1959 sy eerste opelugmuseum gekry, wat bekend staan as Upper Canada Village.<sup>87</sup> Maar dit is veral Amerika wat uitmunt met sy "Restoration Villages". Een van die bekendes is New-Salem State Park. Die nedersetting New-Salem wat in 1820 gestig is, beleef teen 1832 sy hoogbloei maar word in 1840 verlaat. Die later befaamde president Abraham Lincoln was ook een van die inwoners. In 1920 word 'n genootskap gestig wat die ganse dorp herstel en weer in sy oorspronklike toestand restoureer.<sup>88</sup> Henry Ford I het ewe-eens 'n besondere bydrae gelewer toe hy besluit het om Greenfield Village, sy geboortedorp, 18 km van Detroit, te restoureer. Agtiende- en negentiende-eeuse geboue is hier opgeknop om 'n pragtige beeld van "the American way of life" uit hierdie era te weerspieël. Dit was die doelstelling van die stigting om voorwerpe te versamel wat deur hulle beskou word as "the history of our people as written into things their hands made and used". Die stigting beskik ook oor 'n onoortreflike navorsingsmuseumbiblioteek en argief wat meer as veertien miljoen dokumente bevat.<sup>89</sup> Die kroon word egter deur Colonial Williamsburg gespan wat in die staat Virginia geleë is. Die dorp is in sy agtiende-eeuse gewaad opgetower deur die insig en inisiatief van John D Rockefeller Jr. Nie minder nie as 616 huise is van elders daarheen oorgeplaas. In die dorp wai slegs

die Union Jack aangesien dit in die agtiende eeu Engelse gebied was. Vir hierdie vergunning moes spesiale wetgewing ingedien word!<sup>90</sup> In baie opsigte word die prestasie van Williamsburg nêrens in die wêreld geëwenaar nie.<sup>91</sup>

Die belangstelling in die opelugmuseum dwarsdeur die wêreld word baie mooi geïllustreer deur die bywoning van kongresse en simposia wat in verskillende lande gehou is. Sedert die eerste konferensie wat op inisiatief van Icom gereël is en van 5 tot 9 Julie 1957 deur 24 opelugmuseumkundiges bygewoon is, was daar verskeie ander byeenkomste soos byvoorbeeld dié te Parys in 1960, Bokrijk 1966, Roemenië 1966, Aarhus - Kiel 1970 en Helsinki 1972. Die vergadering te Bokrijk in April 1966 was 'n belangrike gebeurtenis. By dié geleentheid is besluit om 'n werksgemeenskap te stig met die naam "Arbeitsgemeinschaft europäischer Freilichtmuseen". Insiggewend is ook die presensielys van die vergadering in Roemenië wat van 7 tot 15 September 1966 gehou is. Die lande wat daar verteenwoordig was, met die aantal afgevaardigdes tussen hakies genoem, toon duidelik hoe die fenomeen reeds versprei het: Albanië (1), België (1), Brasilië (1), Bulgarye (4), die Sjiniese Volksrepubliek (2), Denemarke (1), Oos-Duitsland (4), Wes-Duitsland (6), Egipte (1), Finland (1), Frankryk (2), Griekeland (1), Hongarye (1), Italië (1), Joego-Slawië (4), Kameroen (1), Nederland (1), Pole (20), Noorweë (1), Rusland (3), Tsjeggo-Slowakye (5), Turkye (1), Viëtnam (1) en Switserland (1). Altesaam dus 65 deelnemers uit 23 lande. Dit spreek vanself dat dit nie 'n volledige opgawe is van lande waar opelugmusea tot stand gekom het nie. Lande soos onder andere Wallis, die VSA en Kanada was nie teenwoordig nie.<sup>92</sup>

Die ontstaan, ontwikkeling en verspreiding van opelugmusea oor bykans die hele wêreld sedert die einde van die vorige eeu is een van die mees dramatiese en dinamiese gebeure in die ontwikkelingsgeskiedenis van die museumwese. Die stigter-pioniers kon dit seker nooit voorsien nie. Artur Hazelius het wel 'n groot toekoms vir sy stigting voorspel, maar hy sou skaars kon droom dat meer as twee miljoen mense jaarliks deur die hekke van sy museum sou stroom om hulle te verlustig in die vergane eeue wat deur sy toedoen lewendig en realities voor hulle oë verbeeld word. Die twee miljoen van Skansen en die een en 'n half miljoen van Greenfield Village is nie uitsonderings nie. Op die openingsdag van Upper Canada Village het 20 000 mense die dorp besoek en reeds in die eerste jaar van sy bestaan is die miljoen-kerf bereik.<sup>93</sup> En dit geskied in 'n tyd waarin konvensionele musea en ander opvoedkundige inrigtings

## VERWYSINGS

- dikwels behendige kunsgrepe moet toepas om die trae stroom besoekers nie te laat opdroog nie. Na bykans 'n honderd jaar het die opelugmuseum nog nie sy bekoring verloor nie. En dit geld nie slegs die museum as toeriste-aantreklikheid nie, maar veral ook as "kultuurreservaat" en navorsingsentrum.
- 1 J Huizinga: *De Wetschap der Geschiedenis*, bl 93.
  - 2 A. w., bl 121 - 122; P. S. Dreyer: *Inleiding tot die Filosofie van die Geskiedenis*, bl 42 - 43.
  - 3 Douglas A. Alan: *The Museum and its Functions (Museums and Monuments IX (Unesco))*, bl 13).
  - 4 H. de Vos: *Inleiding tot de Wijsbegeerte*, bl 161 - 164.
  - 5 Th. P. van Baaren: *Doolhof der Goden*, bl 88; A. de Buck: *Egyptische Godsdienst (De Godsdiensten der Wereld II (red. G. van der Leeuw))*, bl 7).
  - 6 C. Blok: *Doolhof of Museum*, bl 6; G. Ellis Burcaw: *Introduction to Museum Work*, bl 15; Douglas A. Allan: *The Museum and its Functions (Museums and Monuments IX (Unesco))*, bl 13; Alma S. Wittlin: *Museums: In Search of a Usable Future*, bl 3; Dillon Ripley: *The Sacred Grove*, bl 17 - 23.
  - 7 Alma S. Wittlin: *Museums: In Search of a Usable Future*, bl 4. Dr. Wittlin toon aan dat versamelings deur die eeue hoofsaaklik tot stand kom as gevolg van ses motiverings by versamelaars.
  - 8 Martin Heidegger: *Sein und Zeit*, bl 392.
  - 9 J. Huizinga: *Nederland's Geestesmark*, bl 7; Sien ook P. S. Dreyer: *Inleiding tot die Filosofie van die Geskiedenis*, bl 15; H. de Vos: *Inleiding tot de Wijsbegeerte*, bl 166.
  - 10 M. Magnusson: *Introducing Archaeology*, bl. 15; C. Blok: *Doolhof of Museum*, bl 6.
  - 11 P. H. Port: *Het Museum als Sociaal-culturele Instelling*, bl 7; Alma S. Wittlin: *Museums: In Search of a Usable Future*, bl 75.

## VERWYSINGS

- 13 Plinius: *Historia Naturalis* XXXV.11.10.
- 1 Horatius: *Epistolae* 11.2.55. "Die jare in hul gang berowe ons van dinge een vir een."
- 14 A w, XXXV.9.26.
- 2 J Huizinga: *De Wetenschap der Geschiedenis*, bl 95.  
*De Cultuur der Middeleeuwen* (Hoogtepunte van Cultuur, bl 79);
- 3 A w, bl 121 - 122; P S Dreyer: *Inleiding tot die Filosofie van die Geskiedenis*, bl 42 - 43.  
bl 110.
- 16 A D R Polman: *De Kerk der Middeleeuwen* (Geskiedenis van de
- 4 Douglas A Alan: *The Museum and its Functions* (Museums and Monuments IX (Unesco), bl 13). Brugmans:
- 5 H de Vos: *Inleiding tot de Wijsbegeerte*, bl 161 - 164.  
*Stijlkomers in Nederland*, bl 65.
- 6 Th P van Baaren: *Doolhof der Goden*, bl 88; A de Buck: *Egyptische Godsdienst* (De Godsdienste der Wereld II (red G van der Leeuw), bl 7).  
van den Brink en J Lindeboom), bl 77 - 85);
- 18 Alma S Wittlin: *Museums: In Search of a Usable Future*, bl 20 - 23;
- 7 C Blok: *Doolhof of Museum*, bl 6; G Ellis Burcaw: *Introduction to Museum Work*, bl 15; Douglas A Allan: *The Museum and its Functions* (Museums and Monuments IX (Unesco), bl 13); Alma S Wittlin: *Museums: In Search of a Usable Future*, bl 3; Dillon Ripley: *The Sacred Grove*, bl 17 - 23.  
n, bl 280.
- 8 Alma S Wittlin: *Museums: In Search of a Usable Future*, bl 4.  
Dr Wittlin toon aan dat versamelings deur die eeue hoofsaaklik tot stand kom as gevolg van ses motiverings by versamelaars. (258 - 271).
- 9 Martin Heidegger: *Sein und Zeit*, bl 392. *Wurgeschiedenis II*, bl 275.
- 10 J Huizinga: *Nederland's Geestesmerk*, bl 7; Sien ook P S Dreyer: *Inleiding tot die Filosofie van die Geskiedenis*, bl 15; H de Vos: *Inleiding tot de Wijsbegeerte*, bl 166. *Middeleeuwen* (Handboek der *Kerkgeschiedenis II* (red J N Bakhuizen van den Brink en J Lindeboom),
- 11 M Magnusson: *Introducing Archaeology*, bl 15; C Blok: *Doolhof of Museum*, bl 6.
- 12 P H Pott: *Het Museum als Sociaal-culturele Instelling*, bl 7; *bl 48 - 52).*  
Alma S Wittlin: *Museums: In Search of a Usable Future*, bl 75.

- 13 Plinius: *Historia Naturalis* XXXV.11.10.
- 14 A w, XXXV.9.26.
- 15 H Brugmans: *De Middeleeuwen*, bl 95; K Sneyders de Vogel: *De Cultuur der Middeleeuwen (Hoogtepunten van Cultuur*, bl 79);  
 25 J Huizinga: *Verzamelde Werken IV, Cultuurgeschiedenis II*, bl 110.  
 Bazin: *The Museum Age*, bl 43; W W Taylor: *A Study of Archaeology*,
- 16 A D R Polman: *De Kerk der Middeleeuwen (Geschiedenis van de*  
 Kerk IV (red G P van Itterzon en D Nauta), bl 68 vv); H Brugmans:  
*De Middeleeuwen*, bl 195.
- 17 G S Wagner: *Die Lewende Kerk*, bl 110 - 111; J Schouten:  
*Stijlkamers in Nederland*, bl 65.
- 18 C C de Bruin: *De Middeleeuwen (Handboek der Kerkgeschiedenis*  
 II (red J N Bakhuizen van den Brink en J Lindeboom), bl 77 - 85);  
 Alma S Wittlin: *Museums: In Search of a Usable Future*, bl 20 - 21;  
 G Ellis Burcaw: *Introduction to Museum Work*, bl 18; Germain Bazin:  
*The Museum Age*, bl 29 - 30; David Murray: *Museums their History*  
 and their Use I, bl 39 - 77.
- 19 J Huizinga: *Herfstij der Middeleeuwen*, bl 380.
- 20 J Huizinga: *Verzamelde Werken IV, Cultuurgeschiedenis II*, bl 231;  
 C C de Bruin: *De Middeleeuwen (Handboek der Kerkgeschiedenis II*,  
 (red J N Bakhuizen van den Brink en J Lindeboom), bl 258 - 271).
- 21 J Huizinga: *Verzamelde Werken IV, Cultuurgeschiedenis II*, bl 275.
- 22 Aangehaal deur A D Pont: 'n Oorsig van die Algemene Kerkgeskiedenis  
 en die Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika,  
 bl 83; Sien ook C C de Bruin: *De Middeleeuwen (Handboek der*  
 Kerkgeschiedenis II (red J N Bakhuizen van den Brink en J Lindeboom),  
 bl 264); Jacob Burckhardt: *Die Kultur der Renaissance in Italien*, bl  
 203 - 204.
- 23 A G Roos: *De Griekse Cultuur (Hoogtepunten van Cultuur*, bl 48 - 52).

- 24 C C de Bruin: De Middeleeuwen (Handboek der Kerkgeschiedenis II (red J N Bakhuizen van den Brink en J Lindeboom), bl 260 - 262).
- 25 David Murray: Museums their History and their Use I, bl 13; Germain Bazin: The Museum Age, bl 43; W W Taylor: A Study of Archaeology, bl 9; Jacob Burckhardt: Die Kultur der Renaissance in Italien, bl 105 - 106.
- 26 P H Pott: Het Museum als Sociaal-culturele Instelling, bl 9.
- 27 Vincent Cronin: Florence en de Medici (Renaissance Bakermat van de Moderne Mens (red Kenneth M Setton), bl 42); Sij de Vries: Renaissance en Humanisme (Fasen en Facetten (red M B van der Hoeven), bl 33); Niels von Holst: Creators, Collectors and Connoisseurs, bl 65; J Schouten: Stijlkamers in Nederland, bl 67; Robert Ergang: The Renaissance, bl 81.
- 28 H Butterfield: The Origins of Modern Science, bl 163.
- 29 David Murray: Museums their History and their Use I, bl 28.
- 30 Alma S Wittlin: Museums: In Search of a Usable Future, bl 42.
- 31 Henner Menz: The Dresden Gallery, bl 7 - 8; C Blok: Doolhof of Museum, bl 8.
- 32 Rijksmuseum Amsterdam 1975: Leidse Universiteit 400, katalogus van tentoonstelling 27 Maart - 8 Junie 1975, bl 114; Sien verder bl 100 - 121.
- 33 Koffie Roodt-Coetzee: Klasantekeninge vir die Nagraadse Diploma in Museumkunde aan die Universiteit van Pretoria, 1978, bl 3.

- 44 K C Peeters: *Museologie*, bl 21 - 23.
- 33 Dillon Ripley: *The Sacred Grove*, bl 30; G Daniel: *The Origin and Growth of Archaeology*, bl 19.
- 34 Sir Frank Francis (red): *Treasures of the British Museum*, bl 9; Frank Herrmann: *The English as Collectors*, bl 23; *British Museum: British Museum Guide*, bl 7 - 8; G Daniel: *The Origin and Growth of Archaeology*, bl 22; Edward Miller: *That Noble Cabinet*, bl 63; Olive Cook: *Die Britse Museum, beroemde instelling in sy 200ste jaar (Lantern, Junie 1959, bl 314 - 323)*.
- 35 Dillon Ripley: *The Sacred Grove*, bl 42; Alma S Wittlin: *Museums: In Search of a Usable Future*, bl 81 - 84.
- 36 Manuel Lorente: *The Prado Madrid II*, bl 5 - 8; Harry B Wehle: *Great Paintings from the Prado Museum*, bl 13 - 31; F J Sanchez Canton: *The Prado*, bl 13 - 27.
- 37 Pierre Descarques: *Hoogtepunten der Schilderkunst in De Hermitage*, bl 61 - 78.
- 38 Germain Bazin: *The Museum Age*, bl 195; C Blok: *Doolhof of Museum*, bl 11.
- 39 Wilhelm Pesler: *Heimatismuseen of Germany (Museum, Vol IV, British Museum: British Museum Guide*, bl 8.
- 40 Ton Koot: *Amsterdam*, bl 102; Hermine van Guldener: *Rijksmuseum*, bl 5; A F E van Schendel: *Voorwoord (Art Treasures of the Rijksmuseum (B Haak)*, bl 17).
- 41 Hugh A Auger: *Trade Fairs and Exhibitions*, bl 14.
- 42 A w, bl 14; G Ellis Burcaw: *Introduction to Museum Work*, bl 23.
- 43 Kotie Roodt-Coetzee: *Klasaantekeninge vir die Nagraadse Diploma in Museumkunde aan die Universiteit van Pretoria, 1978*, bl 2.



- 44 K C Peeters: *Museologie*, bl 21 - 23.
- 45 S P E Boshoff: *Beskouinge en Feite*, bl 14.
- 46 Adelhart Zippelius: *Handbuch der europäischen Freilichtmuseen*, bl 24; A J Bernet Kempers: *Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum*, bl 132.
- 47 P J de Beer: *Die "Zuid-Afrikaansch Museum" te Dordrecht 1902 - 1921*, bl 45.
- 48 J J Oberholster: *Die Neerslag van die Romantiek op ons Geskiedskrywing - Gustav Preller (Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Jaargang 6 nr 4 en Jaargang 7 nr 1, bl 314)*; P G Nel: *Die Betekenis van die Genootskap van Regte Afrikaners, die Afrikaanse Patriot en Ons Klijntji (Die Kultuurontplooiing van die Afrikaner (red P G Nel), bl 1)*.
- 49 J M Bos: *Afdrukken van Indrukken (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 35, 1972 nr 2, bl 29)*.
- 50 Germain Bazin: *The Museum Age*, bl 193 - 238.
- 51 Wilhelm Pessler: *Heimatismuseen of Germany (Museum, Vol IV, nr 2, 1951, bl 97 - 103)*; Wilhelm Pessler: *Das Heimatmuseum im deutschen Sprachgebiet als Spiegel deutscher Kultur*.
- 52 P S Dreyer: *Inleiding tot die Filosofie van die Geskiedenis*, bl 45; Charles Breunig: *The Age of Revolution and Reaction 1789 - 1850*, bl 159; H J Elias: *Geskiedenis van de Vlaamse Gedachte 1780 - 1914 I*, bl 125; Eugen Lemberg: *Geschichte des Nasionalismus*, bl 21.
- 53 Harry Elmer Barnes: *A History of Historical Writing*, bl 179; F M Barnard: *Herder's Social and Political Thought*, bl 55 - 62.

- The Museum Age, bl 237.
- 54 H J Elias: Geschiedenis van de Vlaamse Gedachte 1780 -  
 1914 I, bl 3.
- 55 Jan de Vries: De Wetenschap der Volkskunde, bl 6.
- 56 Abel Coetzee: Die Afrikaanse Volkskunde, bl 14; Jan de  
 Vries: De Wetenschap der Volkskunde, bl 6. Vol II, 1949, bl 9);
- 57 Jan de Vries: De Wetenschap der Volkskunde, bl 7.
- 58 Harry Elmer Barnes: A History of Historical Writing, bl  
 178 - 201.
- 59 J H Kruizinga: Lewende Folklore in Nederland en Vlaanderen,  
 bl 5; Jos Schrijnen: Nederlansche Volkskunde, Eerste Deel,  
 bl IX; J W Y Higgs: Folk Life Collection and Classification,  
 bl 6.
- 60 J H Kruizinga: Lewende Folklore in Nederland en Vlaanderen,  
 bl 5; Wim Roukens: Volkskunde en Folklore. Een naam een  
 gevaar? (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 20, 1955 nr 1,  
 bl 2 - 9).
- 61 Charles Breunig: The Age of Revolution and Reaction 1789 -  
 1850, bl 196.
- 62 Margaret Bauts: The Sandvig Collections, bl 14; Twintig Eeuwen  
 Vlaanderen III, bl 227 - 272; Sutterland-Pontier: Geschiedenis  
 der Bouwkunst, bl 29; Adelhart Zippelius: Führer und Schriften  
 des Rheinischen Freilichtmuseums in Kommern, nr 1, bl 10 - 11;  
 Petra Clarijs: De Wooncultuur (Volkskunst der Lage Landen, Deel  
 3 (red Tj W R de Haan), bl 9 - 10).
- 63 Mats Rehnberg: The Nordiska Museet and Skansen, bl 12; Jan  
 de Vries: De Wetenschap der Volkskunde, bl 24; Germain Bazin:

- 78 The Museum Age, bl 237.
- 64 Ir Wilco Meijer Cluwen: Artur Hazelius, de Stichter van het Eerste Openluchtmuseum (Haagsch Maandblad, Deel XXXIX nr 6, Junie 1943); J W Y Higgs: Folk Life Collection and Classification, bl 15; Sigurd Curman: Artur Hazelius, bl 291 - 294.
- 65 Bengt Thordeman: Swedish Museums (Museum, Vol II, 1949, bl 9); Sigurd Curman: Artur Hazelius, bl 295 - 298.
- 66 Mats Rehnberg: The Nordiska Museet and Skansen, bl 12 - 13.
- 67 Sigurd Curman: Artur Hazelius, bl 299.
- 68 Kai Uldall: Open Air Museums (Museum, Vol X, 1957, bl 48 - 69).  
Adelhart Zippelius: Handbuch der europäischen Freilichtmuseen, bl 24.
- 69 D J van der Ven: Neerlands Volksleven, bl 152 - 153.
- 70 Adelhart Zippelius: Handbuch der europäischen Freilichtmuseen, bl 25.
- 71 Mats Rehnberg: The Nordiska Museet and Skansen, bl 122 - 128.
- 72 Kai Uldall: Frilandsmuseet ved Sorgenfri (1958), bl 4 - 9; A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 133.
- 73 F Valen-Sendstad: Die Sandvigschen Sammlungen, bl 13 - 15; A J Bernet Kempers: Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum, bl 131; Jozef Weyns: Bokrijk, Zin en Zijn, bl 11 - 12.
- 74 Margaret Bauts: The Sandvig Collections, bl 7 - 8.
- 75 D J van der Ven: Neerlands Volksleven, bl 146.

- 76 D J van der Ven: *Neerlands Volksleven*, bl 146; Trewin Coppelstone (red): *World Architecture*, bl 73. - 5).
- 77 J W Y Higgs: *Folk Life Collection and Classification*, bl 14 - 15; Ella Reitsma: *Hoe Knusjes Leefde Eens de Visser* (Kijken, Jaargang 38, 4 Junie 1977).
- 78 K V von Bonstetten: *Neue Schriften*, bl 38; Ook aangehaal deur A J Bernet Kempers: *Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum*, bl 130; Kai Uldall: *Open Air Museums* (Museum, Vol X, 1957, bl 68); Adelhart Zippelius: *Handbuch der europäischen Freilichtmuseen*, bl 279.
- 79 Kai Uldall: *Open Air Museums* (Museum, Vol X, 1957, bl 68 - 69).
- 80 A J Bernet Kempers: *Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum*, bl 133; Adelhart Zippelius: *Handbuch der europäischen Freilichtmuseen*, bl 142.
- 81 Bengt Thordeman: *Swedish Museums* (Museum Vol II, 1949, bl 20). (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 29, 1966 nr 2, bl 29 - 45);
- 82 Jozef Weyns: *Bokrijk, Zin en Zijn*, bl 11. *New Open-air Museums* (Museum, Vol XXIII, nr 2, 1970/1, bl 99 - 102).
- 83 Adelhart Zippelius: *Handbuch der europäischen Freilichtmuseen*, bl 28.
- 84 J W Y Higgs: *Folk Life Collection and Classification*, bl 17 - 18.
- 85 A J Bernet Kempers: *Het Nederlands Openluchtmuseum zoals het Groeide en Nu is 1912 - 1962* (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 25, 1962 nr 1, bl 4 - 9); A J Bernet Kempers: *Vijftig Jaar Nederlands Openluchtmuseum*, bl 1 - 18.
- 86 Adelhart Zippelius: *Handbuch der europäischen Freilichtmuseen*, bl 27.

- 87 J H Kruizinga: Canada heeft ook een Openluchtmuseum (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 30, 1967 nr 1, bl 1 - 5).
- 88 Jozef Weyns: Bokrijk, Tuin van de Vlaamse Volkskultuur, bl 18;  
J W Y Higgs: Folk Life Collection and Classification, bl 19.
- 89 The Henry Ford Museum Staff: Greenfield Village and the Henry Ford Museum, bl 6 - 7; Joh J Schilstra: Fords "Zuiderzeemuseum" (Uit Het Peperhuis, Eerste Serie, nr 3, April 1953, bl 43 - 44).
- 90 A Lawrence Kocher and Howard Dearstyne: Colonial Williamsburg, bl 1 - 5; A J Bernet Kempers: Het Sprookje van Colonial Williamsburg (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 29, 1966 nr 1, bl 1 - 12).
- 91 Jozef Weyns: Bokrijk, Tuin van de Vlaamse Volkskultuur, bl 18.
- 92 Icom News, Vol II nr 1, Februarie 1958, bl 22; A J Bernet Kempers: Het Begon in Bokrijk (Volkskunde, 74e Jaargang, nr 3, 1973, bl 201 - 208); A J Bernet Kempers: Openluchtmusea in Roemenië (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 29, 1966 nr 2, bl 29 - 45); Vir opelugmusea in Brittanje sien F Atkinson: New Open-air Museums (Museum, Vol XXIII, nr 2, 1970/1, bl 99 - 102).
- 93 J H Kruizinga: Canada heeft ook een Openluchtmuseum (Bijdragen en Mededelingen, Jaargang 30, 1967 nr 1, bl 1).